DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Die winter is op ons. Hier in die Kaap is dit koud en nat. Ons sien dat daar vir ons gesorg word in alle opsigte. Die winter is nie die einde van alles nie, maar die begin van iets nuuts. Die Here hou alles in Sy hand, selfs die seisoene wat wend en keer. Niks gebeur sommer maar net nie.

In hierdie uitgawe gaan ons voort met die reeks oor die Rigters. Ons hoop dat dit interessant en leersaam was. Ons herinner ook graag dat enige persoon, wat ‘n voorstel het oor iets waaroor ons kan skryf of self wil skryf oor iets, welkom is om ons te kontak. Dit is die jeug se blad en moet aan almal se behoeftes voldoen. Vir die jeug, deur die jeug.

Ek dink nie ons besef altyd wat ons in en aan die jeug het nie. Ons kan so baie vir mekaar beteken. Die redaksies van die Olielamp hoop dat dié blad ‘n aktiewe rol daarin kan speel. Tot eer van God en opbou van die jeug was en is nogsteeds ons hoofdoel.



So: trotseer die koue weer. Klim onder ‘n kombers in, hou ‘n beker koffie byderhand en geniet Die Olielamp. Dit is ‘n interessante uitgawe. Miskien leer jy iets by wat iemand anders al geweet het; of miskien lees jy ‘n artikel waarop jy graag wil aanvul.

Namens die Kaapse Redaksie
Maartje

INHOUD

Uit die Woord
- Gídeon 2
- Grenslose genade 3
- Preditantes? 4

Oppad
- Jou Bybelse karakter 5
- Fliek vanuit 'n ander oogpunt 6

Voel jy ook so?
- Onse Vader 7
- Gemeenskap van die Heiliges 8

Reaksies
- Waarom Israel? 10
- Halleluja - ons is vry 11

Sosiaal
- Deur die sleutelgat 12
- Blokkiesraaisel 13
- Voetspoor 14
- Sterfontein grotte 15

Nog iets…
- Boekbespreking 15
- Verjaarsdae 16

GÍDEON (RIGTERS 6-8)

Corrien Geleijnse

Gídeon, die geringste van die Abiësriete en die swakste geslag van Manasse, word deur God geroep tot rigter. Uit wat hy aan die Engel van die Here sê, blyk duidelik dat hy nie opgewasse voel teen die geweldige taak wat God op sy skouers kom lê nie. En 'n geweldige taak was dit inderdaad, want die Engel van die Here dra Gídeon op om die wederstrewigste van volke uit die hand van magtige vyande te red – die Midianiete, die Amalekiete en die kinders uit die Ooste (waarskynlik 'n vyandelike herderstam uit die oostelike woestyn) het teen God se volk saamgespan.

Maar die eenvoudige Gídeon word deur God toegerus vir die taak waartoe hy geroep is. Dit doen God trouens vir elkeen van ons. Hy gee ons almal die krag om te doen wat Hy van ons vra, naamlik om Hom te dien met ons hele hart, ons hele verstand, ons hele siel en met al ons krag.

Die volk Israel – slegs 'n weerspieëling van onsself – begin voorspoed as vanselfsprekend aanvaar, en kyk waar bring dit hulle keer op keer.

Israel het ná die veertig jaar van rus sedert Debora en Barak, weereens begin afdwaal van hulle God. Teen die tyd dat Gídeon geroep is, was die volk in 'n vreeslike staat van verarming en ellende – deur hulle eie skuld – met 'n skynbaar skrale kans op redding. Een van Israel se sondes was dat hulle God begin vergeet het sodra dit met hulle begin goedgaan – hoe ontsettend dikwels gebeur dit nie met ons ook nie!! Hulle begin vergeet van vra vir vergewing van sondes, hulle vergeet om God te bid vir verdere beskerming en genade, en hulle vergeet om Hom te dank vir wat Hy alles vir hulle doen en gee. Die volk Israel – slegs 'n weerspieëling van onsself – begin voorspoed as vanselfsprekend aanvaar, en kyk waar bring dit hulle keer op keer.

Israel/ons moet ons godsdiens lewend hou, en dit nie laat verroes as ons God skynbaar nie meer nodig het nie. Kan daar ooit 'n tyd wees dat ons God nie nodig het nie? Onmoontlik, want sonder God is daar geen lewe nie.

Dit was dus Gídeon se taak om die volk van die oormag vyande te red. Hy doen dit in geloof, hoewel sy geloof in God ook nie sonder twyfels is nie – hy vra immers tweemaal om die teken met die wolvlies voor hy oorgaan tot aksie. Met 'n skamele driehonded manne, kruike, fakkels, ramshorings en sy God verpletter Gídeon die vyand – die Bybel sê dat die Midianiete en Amalekiete en al die kinders uit die Ooste in die laagte gelê het, soos sprinkane in menigte, en hulle kamele was ontelbaar, soos die sand aan die seestrand in menigte (Rigters7:12). Die oorwinning was dus iets geweldigs, want God alleen het die stryd gestry en oorwin.

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Rinus Kamphuis (kamphuisrk@hotmail.com)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Willemien Kleijn
Wilma Lubbinge
Anita Zielman

Maranata:
Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)
Sekretaresse: Annemarie de Vente
Penningmeesteresse: Cora Visser
Lede: Margreet Bron, Frans Hagg

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting
Margreet Moes
Sekretaresse: Christine van der Linden
Finansies: Jaco Haak

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Leclue Nienaber

Uitleg:
Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 10 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: *http://www.vgk.org.za/olielamp/*

Koste: R35.00 per jaar

Maar in Rigters 8:26,27 word verhaal dat Gídeon sewentienhonderd sikkels goud, ornamente en die purper klere van die verslane konings van Midian geneem het en daarvan vir hom ‘n skouerkleed gemaak het. Dié het hy in sy stad, Ofra, opgestel, *“…en die hele Israel het dit daar agternagehoereer, en dit het vir Gídeon en sy huis ‘n strik geword.”* Hier struikel die rigter dus self saam met die volk, en herinner ons aan die sonde wat ons so maklik weer beetkry, Maar verder het Gídeon ‘n geseënde lewe gehad, met baie vroue, en sewentig kinders.

“So moet al U vyande, Here, omkom! Maar dié wat Hom liefhet, is soos die opgang van die son in al sy krag.” - Rigters 5:31

GELYKENISSE(5): GRENSLOSE GENADE! (MAT 18:21-35)

Arjan van Houwelingen

Petrus se vraag

Nadat Jesus in die voorafgaande verse sy dissipels daarop gewys het hoe belangrik dit is om nederig en tegemoetkomend te wees, sodat hul broeders nie sal struikel nie (Mat 18:2-20), vra Petrus of daar dan nie 'n grens is aan vergewingsgesindheid nie. Sal die mense nie al hoe meer sondig as hulle weet dat hulle tog wel vergewe sal word nie? Petrus stel voor dat die grens by sewe maal vergewing getrek moet word. Dit is beslis nie suinig van Petrus nie. Die Joodse rabbi's (wat tog wel 'n voorbeeld vir die volk was), het geleer dat jy iemand maksimaal drie maal moet vergewe. Miskien het Petrus wel verwag dat die Here hom sal prys oor soveel vergewingsgesindheid. Tog bestraf Jesus hom. Hy wys hom daarop dat ons bereidheid tot vergewing grenseloos moet wees.

'n Gelykenis as antwoord op Petrus se vraag

Om te verduidelik hoekom ons nooit moet weier om te vergewe nie, begin Jesus nou met 'n gelykenis. Hy vergelyk die koninkryk van die hemele met 'n aardse koning, wat sy diensknegte na hom toe roep om te kyk watter skulde hulle het. Waarskynlik was hierdie diensknegte so iets soos goewerneurs wat belasting uit hulle provinsies aan die koning moes bring. Al by die eerste kneg wat na hom toe kom, blyk dat die kneg sy werk nie goed gedoen het nie. Die provinsie, (en daarom ook die dienskneg, omdat hy verantwoordelik is om die geld binne te kry), skuld die koning tienduisend talente!

Om bietjie 'n idee te gee hoeveel geld dit is: Één talent het 'n waarde van 6000 pennings. Vir een penning moes die gemiddelde Israeliet 'n dag lank werk. Vir *een* talent sou 'n Israeliet dus 20 jaar lank moes werk. Dit is nog maar net die waarde van *een* talent. Tienduisend talente is dus 'n enorme bedrag.

Dit sou dus begryplik wees, as die heer hom streng sou gestraf het. Maar tog skeld hy sy kneg al die skuld kwyt, nadat hy hom daarvoor gesmeek het. Wat 'n onbegryplike genade!

'n Mens sou verwag dat die kneg, nadat hy so 'n enorme bedrag kwytgeskeld is, nie meer op 'n sent sal kyk nie. Maar dit blyk anders te wees. Hy laat 'n mededienskneg in die gevangenis werp vir honderd pennings. Honderd pennings is ook 'n redelike bedrag (honderd daglone), maar in vergelyking met die tienduisend talente is dit belaglik min. Die koning se reaksie hierop is begryplik. Hy laat die ondankbare kneg pynig, tot die laaste sent betaal is. Die straf wat die kneg nou ontvang is veel groter as wat dit sou gewees het as die heer nie die eerste keer barmhartig was gewees nie. Dit is dan ook 'n waarskuwing vir ons nie ondankbaar te wees nie, want God se straf is veel groter vir die wat sy genade ontvang het, maar dit nie soek nie, as vir die wat nooit van hom gehoor het nie.

Wat die gelykenis impliseer

Die betekenis van die gelykenis is duidelik, maar dit kan ons ook bang maak. Die Here wys duidelik vir ons hoe belangrik dit vir Hom is dat ons ons naaste sal vergewe, en hoe streng Hy sal optree teenoor iemand wat ondankbaar teenoor sy genade is. En wie van ons vergewe ons naaste altyd volkome van harte, ook nog nadat die naaste al vir die hoeveelste keer dieselfde fout begaan het?

Maar tog kan ons baie bly wees dat Christus nie tevrede was met Petrus se voorstel om die grens van vergewing by sewe maal te trek nie. Dit sou beteken dat Hy sou saamstem dat daar 'n grens aan genade is. En watter hoop sou daar vir ons gewees het, wanneer ons al by die sewende keer dat ons gesondig het, al kon vergeet van enige genade van God se kant af? Maar gelukkig wys Hy dat daar geen grense aan genade by die mense mag wees nie, omdat daar vir God nie so iets soos grense van genade bestaan nie.

TEOLOGIESE OPLEIDING - HOEKOM NIE EK NIE?

Anita Drijfhout

Onder jeug in ander kerke is daar heelwat meisies wat daaraan dink om teologie te studeer en om dan predikant te word. Baie keer is dit juis die meisies waarmee ons nogal goed kan omgaan. Waarom word ons meisies in die VGK dan nie predikante nie? Ek het ‘n paar tekste opgesoek waar die Here duidelik in sy Woord te kenne gee dat hierdie taak aan die mans gegee is.

Dit begin by die verhouding waarin man en vrou teenoormekaar staan. Gen 2:20 ‘... maar vir die mens het hy (Adam) geen **hulp** gevind wat by hom pas nie.’ Die vrou is dus ten eerste geskape om ‘n hulp vir haar man te wees. Die Bybel wys ons ook dat die man bo die vrou gestel is.

‘*Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook die Hoof is van die gemeente ...’* - Ef. 5:22,23. Die taak van ‘n predikant is duidelik ‘n verantwoordelike en belangrike taak, daarom dat God



dit dan ook aan die hoofde van gesinne gee om die ampte in die kerk te beklee.

Verder is 1 Timótheüs 2:11-13 baie duidelik oor die plek van die vrou: *‘Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva .’* Dit is duidelik dat God dit nie van vroue verwag om opsieners en herders te wees nie. Ons kan ook om ons heen sien watter narigheid daarvan kan kom as vroue hoër posisies as hulle mans beklee.

Nou net nog kort: Teologiese opleiding - hoekom **wel** vir my? Dit geld natuurlik vir die mans. Paulus skryf aan Timótheüs in die eerste brief, hoofstuk 3: *‘Dit is ‘n betroubare woord: as iemand na ‘n opsienersamp verlang, begeer hy ‘n voortreflike werk.’* Elke seun moet homself afvra of God hom nie dalk tot woordverkondiger roep nie. Ek kry egter die idee dat te veel van julle dink dat dit heeltemaal buite die kwessie is. Terwyl dit juis die mooiste en ‘n belangrike taak is om Herder van God se skape te wees.

JOU BYBELSE KARAKTER

Wilma Lubbinge

Hier volg 'n verwerking van Hoofstuk 14 uit die boekie "Faith in Action" deur Peter Hammond. Die opsomming van ons karakter, soos die Bybel dit vereis en kan elke dag in ons lewens toegepas word.

Waaksaamheid
Ons moet nugter, wakker en waaksaam wees.
Ons moet waghou oor:
- onsself (Deut 4:15-23; Ex 34:12)
- ons verhoudings (Ex 34:12)
- ons harte (Spr 4:23)
- ons lippe (Ps 141:3)
- ons paaie (Spr 4:26)

Ons moet oplettend wees vir:
- Christus se oproep (Ef 5:14-17)
- Christus se oordeel (Miga 7:7)
- Christus se wederkoms (Matt 24:42-44)
- geestelike aanvegtinge (Ef 6:12-18)
- die Satan (1 Pet 5:8)

'Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.' Thessalonicense 5:6

Standvastigheid
Ons moet standvastig, vol geloof wees en nie twyfel nie.

Ons moet vasstaan in:
- die geloof (2 Thess 2:25)
- die middel van swaarkry (1 Pet 5:9)
- die aanskouing van valse lerings (Jak 1:12)

Ons moet onwankelbaar wees in:
- goeie werke (Gal 6:9)
- verdraagsame liefde (Hos 6:4)
- morele gedrag (Fil 1:27)
- absolute lojaliteit tot God (Spr 24:21)

'Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.'
1 Korinthiërs 15:58

Moed
Ons moet dapper, vol moed en sonder vrees wees.

Ons word opgeroep om:
- vreesloos voor die Here te wees (Jes12:2)
- te vertrou op God se almag (2 Kron 32:7-8)
- te vertrou op God se alwetendheid (Ps 139:13-19)
- te vertrou op God se alomteenwoordigheid (Ps 118:6)
- dapper te wees voor ons vyande (Deut 31:6)
- dapper te wees in bestrawwing (Job 5:17-24)
- dapper te wees vir God se volk (2 Sam 10:12)
- dapper te wees in God se diens (1 Kron 28:20)

'Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.'
2 Timoteus 1:7



Sterkte
Ons moet dinamies, standvastig en sterk wees.

Ons moet sterk wees in Christus (2 Kor 10:3-6)
Die Heilige Gees kom met krag (1 Thes 1:5)
Ons glo in die krag van God se redding (Rom 1:16)
Elke gelowige ontvang krag van Bo (Luk 24:49)
Gelowiges ontvang krag van die Evangelie (Hand 1:8)
Christus belowe ons die krag van Sy almagtigheid (Ef 1:9)
Ons is tot alles in staat deur Christus wat ons krag gee (Fil 4:13)

'Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie. Die jonges word moeg en mat, en die jongmanne struikel selfs; maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.'
Jesaja 40:29-31

Liefde
Ons moet vriendelik, selfverloënend en vol liefde wees.

Ons moet lief hê:
alle vreemdelinge en vlugtelinge (Deut 10:19)
ons naaste (Lev 19:18)
ons vyande (Matt 5:44)
ons broers (1 Pet 3;8)

Ons moet:
in liefde lewe (Ef 5:1-2)
oorvloedig wees in liefde (Fil 1:9)
mekaar bemoedig in liefde (Heb 10:24-25)
'n voorbeeld van liefde wees (1 Tim 4:12)

'Ons dank God altyd oor julle almal as ons aan julle dink in ons gebede en onophoudelik in gedagte hou die werk van julle geloof en die arbeid van julle liefde en die lydsaamheid van julle hoop op onse Here Jesus Christus, voor onse God en Vader, …'
1 Thessalonicense 1:2-3



HET JY AL SÓ OOR FLIEK GEDINK?

Annet Lubbinge

Daar het begin van die jaar artikels in die Olielamp verskyn oor fliek. Baie glo dis 'n onderwerp wat al te veel bespreek is en maar liewer oorgelaat moet word aan elkeen se eie diskresie. Dis waar, dit is jou eie verantwoordelikheid, maar tog kan ons mekaar onderling ondersteun en opskerp oor sekere kwessies. Om mekaar aan te spreek en te sê: "Het jy al so en so oor die saak gedink?"

Die volgende artikel deur Joel Belz is nogal skokkend en laat mens met ander oë na spesifieke tonele in films kyk wat al hoe meer as normaal deur fliekgangers aanvaar word. Verder is dit ook tonele wat elke dag op TV's in die huiskamers voorkom. Dink by jouself, nadat jy die hier op volgende artikel gelees het, of jy al ooit **sò** oor hierdie situasie nagedink het.

WHY DO WE TOLERATE SIMULATION WHEN THE REAL THING IS NOT ALLOWED?

It would have to be among the most startling of invitations you've ever received. You've lived next door to your neighbors for half a dozen years, and you thought you knew them fairly well. They are fine, upstanding folks in the community, active in school activities and little league. They are members of a different church from yours, but you know they're faithful there and that they take their Christian faith seriously. You've had some fun times with them, but also some serious backyard discussions about politics, kids' behavior, and music styles.

So you're not quite prepared for his invitation tonight. He drops by just before you sit down to dinner with your own family, pulls you aside, and calmly suggests: "Later tonight, my wife and I will be heading for bed - and my guess is we'll be-ah-well, you know, probably doing some of the things married people do. I thought maybe you and your wife would like it come by and watch."

You are aghast. The idea is so grotesque you can't imagine how to mention it to your wife - although when you do, it will certainly not be in the "shall we?" but more in the "how could he?" category of discussion. The images in your mind are repulsive.

Your neighbor is sensitive, and sees your uncomfortable surprise. "I'm not suggesting any hanky panky," he assures you. "Our marriage is terrific. I know yours is too. I'm just talking about watching." Then, sensing that your reluctance is real, he suggests an alternative: "Maybe this would be better. I have the phone number of a couple who would come over - a couple neither of us knows personally . That way, all four of us could just sit and watch them.

You know he meant it as a solution. Some solution.



If all this seems like a bad dream, with little or no place in WORLD, try this: Every evening this week, hundreds of thousands of evangelical Christian people will sit down and settle for "the solution." Not in person, of course, but on video. Not X-rated videos, but on regular evening television and in the standard fare at your neighborhood theater.

Author Doug Wilson first suggested this outlandish hypocrisy in his excellent book Reforming Marriage. He points out that too many people in the evangelical community have come to justify watching on the screen various activities we wouldn't think of viewing in the flesh. Things that would embarrass us all if they were real, embarrass us not at all because they are only simulated. The outlandish invitation described in my first paragraph is regularly extended, and regularly accepted, with just a few video adjustments.

The rationalization no longer works.

The phony distinction first hit me with force a couple of years ago when the movie Braveheart took all kinds of awards and became a favorite of thousands of Christians. WORLD itself gave Braveheart a good review - noting especially its commitment to a story of principled courage in the face of anti-Christian mayhem. And the most memorable love scenes in Braveheart are supposedly set in the context of marriage. So bare flesh - as long as it's within marriage - gets our stamp of approval.

Yet to produce that love scene, two people who weren't married to each other pressed their undressed bodies to each other while millions of the rest of us watched and gave our sentimental assent. What we'd never do with our next-door neighbor we paid money to do with someone else's neighbor.

For Christians to think they can consume such a visual entertainment diet and not be affected is to think of ourselves much more highly than we ought to think. What makes it right to gaze with fascination at simulated "public displays of affection" when we wouldn't tolerate a glance at the real thing? It's a rationalization too many of us have passed on unthinkingly to our sons and daughters. It's also a rationalization it's time to reject.

By Joel Belz

Voel jy ook so?

ONSE VADER

Ons het op hierdie weergawe van die Onse Vader in 'n Nederlandse jeugblad afgekom. Dit laat 'n mens besef dat jy nie sonder meer 'n klomp woorde opsê as jy bid nie. Jy tree in gesprek met die grote God van hemel en aarde. Sal jy dan geen aandag bestee aan wat jy sê en hoe jy dit sê nie? Besef jy ooit wat jy sê? Goed, jy het katkisasie gehad en die Heidelbergse Kategismus bespreek. Dink jy, elke keer as jy bid, aan presies wat jou woorde beteken. Veral met 'n oorbekende gebed soos die Onse Vader?

Enige reaksie hierop is welkom.

Onse Vader wat in die Hemel is.
- Ja
(Aan ander) Ssst! Ek is besig om te bid
- Ja, jy het my mos nou aangeroep?
Ek U aangeroep? Maar dan is U mos God? Dan luister U wel na wat ek sê. Om eerlik te wees het ek nooit so daaraan gedink nie.
- Goed, ek luister. Wat wil jy vir my sê?

Laat U naam geheilig word.
- Is dit wat jy werklik wil hê? Weet jy wel wat jy bid?

Eh, dit beteken… Nee ek weet eintlik nie meer wat dit beteken nie.
- *Dit beteken dat jy my wil eer, dat ek die heel belangrikste vir jou is en dat my naam waardevol is vir jou.*
O, is dit wat dit beteken. Dit het ek nooit geweet nie.
- *Wil jy nog iets vir my sê?*

Ja! Laat U koninkryk kom. Laat U wil geskied in die hemel net so ook op die aarde.
- *Doen jy ook iets om by te dra?*
Dat U wil geskied? Maar natuurlik! Ek gaan gereeld kerk toe. Dit is tog soos U van my vra! En ek gee altyd iets vir die kollekte selfs die sending kry iets van my. En ek bid by etes.
- *Ja, maar ek vra nog meer van jou! Ek wil hê dat jy met en deur ander gelukkig kan voel, dat jy leer dink vanuit 'n ander se oogpunt en vir ander, dat mense in hul nood gehelp kan word, dat mense die boodskap hoor. Dink jy daaraan? Ek wil hê dat siekes versorg moet word, hongeres gevoed moet word, die wat treur getroos moet word, dat misdadigers opgevang moet word en onderdruktes bevry moet word. Kan ek op jou reken?*
Asseblief! Hoekom moet ék dit nou juis doen? Daar is tog so baie mense wat sit en huigel in die kerk wat 'n bogemiddelde inkomste, maar nie hul kerklike bydraes betaal nie, om nie te praat van hulle beursies oopmaak vir mense in nood nie.
- *Jammer, hoor! Ek het gedink dat jy opreg gebid het dat my koninkryk moet kom en dat my wil moet geskied. As jy daarvoor bid, moet jy ook daaraan werk en nie na ander wys nie. Eers as dieselfde wil hê as ek, kan jy my verteenwoordiger wees.*
Nou goed, as U dit so stel…

Gee ons vandag ons daaglikse brood.
- *Dit hang van jou mentaliteit af of hulle ook elders in die wêreld hulle daaglikse brood kan ontvang. Jy bid nie net vir jouself nie, maar vir alle mense.*

En vergeef ons skulde, net soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
- *En Bert?*
Bert? Nou begin U ook al oor hom te praat. Hy verneder my altyd openlik. Hy maak altyd asof hy altyd beter weet en alles beter kan doen. Ek word woedend as ek net an hom dink. Hy doen dit net daarom! Die ou…
- *Ek weet! Ek weet dit! Maar wat nou van jou gebed?*
Ek bedoel dit nie so nie!
- *Is dit lekker vir jou om met so 'n gevoel rond te loop?*
Nee, natuurlik nie. Ek word siek daarvan.
- *Goed, luister dan na my: vergewe Bert en ek vergewe jou. Ek weet dit is moeilik om die onderspit te delf. Miskien ly jou beeld skade. Miskien sal jy dit vernederend ervaar om die minste te wees, maar jy sal agterkom dat dit die moeite werd is!*
Ek weet nie of ek daartoe in staat is nie.
- *Ek help jou daarmee.*

En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose.
- *Ek wil dit nie anders hê nie. Vermy asseblief situasies waarin jy versoek kan word.*
Wat bedoel U?
- *Jy weet goed dat jy gereeld dinge doen wat jy nie vir jouself kan verantwoord nie.*
Dit was die moeilikste gebed wat ek nog ooit gebid het. Dit het inderdaad alles met my daaglikse lewe te doen…

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid.
- *AMEN!*

"GEMEENSKAP VAN DIE HEILIGES"
- SPREKERSAAND 25 JULIE 2000

Ineke Roose

Op 25 Julie het ons 'n sprekersaand gehad oor 'Die gemeeskap van die heiliges'. Roel Stolper het die vergadering ingelei. Sy inleiding was in twee gedeel, die eerste gedeelte het gehandel oor die gemeenskap van die heiliges binne in die gemeente en die tweede gedeelte oor die uitreiking na buite die gemeente. Hierdie aspekte word ook saamgevat in die Pretoria gemeente se jaar tema.

Oom Roel het 'n paar voorbeelde genoem uit die Ou Testament oor die uitreik na mense binne die gemeente. Ek sal twee van die voorbeelde noem, die eerste voorbeeld is die boek Eksodus waar die Here die volk Israel in familie en stamverband uit Egipte laat trek het en Kanaän in besit laat neem het. Die tweede voorbeeld is die vriendskapsverhouding tussen Dawid en Jonatan, hierdie verhoudings moet vir ons 'n

voorbeeld wees vir ons verhoudings binne die gemeente.
Daarna het oom Roel voorbeelde uit die Nuwe Testament gegee vir die uitreiking na buite die gemeente. Van die voorbeelde wat hy genoem het was Matt 25:35,36 en Matt 28:19 waar Jesus die dissipels uitstuur om te gaan evangelieseer. Die opdrag was egter nie net vir die dissipels nie, maar dit is ook 'n opdrag vir ons om uit te gaan en te evangelieseer.

Daarna het ons die volgende twee vrae in ons groepe bespreek:

Wat dink jy van die jeugsamelewing in Pretoria? Ervaar jy dat kerkmaats werklik vir jou omgee? Wat kan gedoen word om dit te verbeter?

Die een helfde van die jeug het gevoel dat die jeug in Pretoria baie goed saamwerk en vir mekaar omgee, maar die ander helfde het gesê dat daar nog baie moet verbeter. Sekere negatiewe punte in ons jeug is genoem soos dat daar baie geskinder word en dat almal se karakters reeds vroeg bepaal word en niemand kry die kans om te verbeter nie. Daar is ook gevoel dat daar te min belangstelling vir mekaar is onder die jeug.

'n Paar punte is genoem hoe ons dit kan verbeter. Die eerste punt was dat ons minder bevooroordeeld moet wees en almal onvoorwaardelik moet aanvaar. Ons moet ook minder skinder en eerder net positiewe berigte oor iemand vertel as negatiewe berigte. Verder is daar ook gesê dat die mense wat minder betrokke is in die jeug betrek moet word. Daar moet ook meer belangstelling getoon word vir almal en veral vir die mense wat nie meer na die JV's toe kom nie. 'n Eenvoudige manier hoe ons belangstelling kan toon is deur 'n kaartjie te stuur na iemand wat siek is of om iemand wat verjaar te bel. Daar is 'n voorstel gemaak om elke tweede week 'n georganiseerde koffiedrink te hou waar almal van weet. Op so 'n manier kan almal welkom voel om te kom en kan die verskillende vriendegroepe ook meng, so leer mens ander mense ken waarmee jy anders nooit in kontak sou kom nie.
'n Ander voorstel wat ook gegee is is om 'n tipe 'telefoonlyn' te stig waar almal kan uitvind wat in die jeug gebeur. Op so 'n manier kan almal deel hê in die jeug-aktiwiteite.

Wat dink jy van ons jeug se uitreik na buite? Hoe kan ons dit verbeter?

Die meerderheid mense het gevoel dat ons nie genoeg uitreik na buite nie en daar is sekere punte genoem hoe ons dit kan verbeter. Die eerste punt was dat ons by ons vriende by die skool, universiteit, werk, ens. moet begin deur ons eie sienings en waardes vir hulle te vertel en ons moet ook nooit enige vrae vermy nie. Ons kan ook ons vriende van buite die kerk saamnooi na JV's, kerkdienste, ens. en die mense wat belangstel in ons kerk ook die geleentheid gee om na die Kongres te kom. Daar is ook genoem dat ons die Studente-vereniging moet oopstel vir mense buite die kerk en dit ook adverteer. Verder is daar ook genoem dat ons Die Olielamp en pamflette oor ons kerk in die omgewing kan versprei. 'n Ander voorstel was om kos en klere vir die behoeftiges buite die kerk te gee, op so 'n manier kan ons die Christelike liefde ook aan die wêreld uitstraal en nie net in ons gemeente vashou nie. 'n Ander manier om ook die liefde uit te straal is om besoeke te gaan doen in hospitale, ouetehuise, kindertehuise, ens. Die laaste punt was dat ons die gaste in ons kerk welkom moet laat voel en hier kan almal van ons saamwerk.

Heelwat goeie punte is dus genoem op hierdie aand. Ons moet egter nie net bly by praat nie, maar ook iets daadwerkliks doen. Die meeste van hierdie punte is baie maklik om te doen dit verg egter net dat ons ons houding moet verander en almal net moet aanvaar soos hulle is. Verder kan ons ook betrokke raak in sekere projekte van die Evangeliesasie Kommissie. 'n Paar van die projekte wat op die oomblik besig is word hieronder gelys en die betrokke mense wat gekontak kan word.

- Poortwagters - Verwelkom gaste in ons kerk.
  Kontakpersoon: Mev. N. Kleyn

- Kinder-evangeliesasieprojek - Evangelisasie onder die kinders in Derdepoort.
  Kontakpersoon: Mev. B. Zielman

- Bybelverspreidings projek - Bybel verkope langs die pad.
  Kontakpersoon: Mnr. H . Aartsma

- Hospitaal projek - Besoek mense in die Pretoria Akademiese Hospitaal (HF).
  Kontakpersoon: Mnr. R. Stolper

WAAROM ISRAEL?

Magda Geleijnse

Na aanleiding van die Olielampuitgawe van Junie het ek ‘n bietjie gaan oplees, en besluit om ‘n artikel oor die volk Israel te skryf, aangesien die onderwerp vir my effens afgeskeep voorgekom het in die artikel ‘Goddelike uitverkiesing en verwerping – Dortse Leerreëls Hoofstuk 1’, en ek graag my mening daaroor wil lug aangesien dit vandag nog steeds ‘n belangrike onderwerp is, al dink ons dalk dat dit slegs deel van die geskiedenis is en nie meer op ons van toepassing is nie.

God het die Israel as Sy volk gekies as gevolg van ‘n baie spesifieke rede, uit honderde volke uit. Hulle was die verkore volk *as gevolg van God se belofte aan Abram*, omdat Abram *geglo* het.

As ons Gen. 15 lees kan ons sien dat die volk Israel ontstaan het uit die verbond wat God aan Abram gemaak het. En dwarsdeur die hele Bybel kan ons sien dat God sy volk nie verlaat het nie, ondanks hulle groot sondes. Die hele Ou Testament gaan oor die geskiedenis van die volk Israel. Isak het voortgekom uit Abraham op ‘n wonderbaarlike manier en Jakob het voortgekom uit Isak, en uit Jakob het die 12 stamvaders weer voortgekom, en daarvandaan kan ons die geskiedenis van die Israeliete volg tot op die ballingskap en die geboorte van die Here Jesus Christus.

Ondanks God se trou aan Sy volk, het hulle nogtans swaar teen hom gesondig en hom telkens verwerp, maar God was elke keer weer barmhartig en het profete en rigters gestuur om hulle weer na Hom te bring. Maar hulle wou nie luister nie en het Hom verwerp. So het die evangelie na die heidene gegaan deur middel van gelykenisse en deur die uitstorting van die Heilige Gees, en almal in die hele wêreld mog van Hom hoor en in Hom glo. Deur die val van Israel het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak (Rom 10:11b).

Maar dit insinueer nie dat God sy volk verstoot het nie. Dit kan vandag gesien word dat na ongeveer 2000 jaar se verstrooiïng oor die hele aarde, die Jode weer besig is om terug te gaan na hulle land Israel, die land waaroor die Israeliete in 1948 weer besit gekry het.

Esegiël 36:24: *“En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en ek sal julle in jul land bring*.” en 37:28: *“En die nasies sal weet dat Ek die Here is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.”*. Esegiël en Sagaria 8 het dié dinge voorspel, en dit is stadig maar seker besig om in vervulling te gaan. Israel as nasie sal God weer dien en Hy doen aan Sy verbond gestand. In Romeine 11 gaan dit ook oor die toekoms van Israel, ‘n hoofstuk wat in sy geheel gelees kan word.

Israel het nie verdien om uitverkore te wees nie, inteendeel; maar hieruit kan ons God se genade en almag sien, dat Hy Israel nie aan hulleself oorlaat nie, gedagtig aan die verbond aan Abraham. God het geweet van die hardnekkigheid van sy volk Israel voor die grondlegging van die aarde, maar deur Sy liefde en genade, wat ons nie kan verstaan nie, het Hy hulle uitverkies, en sal vir ewig in hulle midde wees.

Jeremia 31:35-40:
“*So sê die Here wat die son gee tot ‘n lig oordag, die ordeninge van die maan en van die sterre tot ‘n lig in die nag; wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, Here van die leërskare is sy Naam: As hierdie verordeninge voor my aangesig sal wyk, spreek die Here, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om ‘n volk te wees voor my aangesig vir altyd. So sê die Here: As die hemele daarbo gemeet en die fondamente van die aarde daaronder nagespeur kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van Israel verwerp weens alles wat hulle gedoen het, spreek die Here.*

Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat die stad vir die Here herbou sal word, van die toring Hanàneël af tot by die Hoekpoort. En die meetsnoer sal verder reguit aanloop tot by die heuwel Gareb en swaai na Goa toe. En die hele dal van die lyke en van die as, en al die velde tot by die spruit Kidron, tot by die hoek van die Perdepoort teen die ooste, sal aan die Here heilig wees; dit sal nie weer uitgeruk of verwoes word in ewigheid nie.”

REAKSIE: HALLELUJA – ONS IS VRY!

Br H Luijk (snr)

Baie waardering vir jou artikel in die Augustus-uitgawe van 'Die Olielamp'. Die artikel gee vir ons 'n paar probleme. In jou skrywe noem jy 'n baie aktuele probleem van ons moderne tyd, naamlik Sondagsheiliging. Jy noem onder andere die ou reëls van vroeër: Sondae nie swem nie, nie fietsry nie, nie brei nie, ens. Is dit 'die vryheid kleiner maak as wat God dit aan ons gee'? Nee tog! Ons noem dit: 'Speel buite daardie heining wat pa om sy erf gesit het'! Net 'n paar vrae:

Hoe lyk dit vir jou as jou kinders op Sondagmiddae op die fiets deur die strate jaag? Wat daarvan as jou seun of dogter op Sondagmiddae Bellville Swembad of Seepunt Swembad toe stap, 'n toegangsbewys koop, en daar sy of haar tyd deurbring tussen (soms halfnaakte) mense? Dit **kan** gebeur wanneer mense nie 'n swembad by die huis het nie!

Ons glo nie dat jy dit bedoel, wanneer jy skryf oor 'vryheid' nie! God se volk is 'n heilige nasie, Exodus 19:6. Mense wat deur die Heilige Gees afgesonder is uit hierdie wêreld en in die vryheid gestel is.

Ons sien uit na jou reaksie!

Antwoord op reaksie:
Ek wil vir broeder Luijk baie dankie sê vir sy reaksie op my artikel. Dis pragtig hoe ons so met mekaar as gelowiges oor die heerlike rykdom wat die Here vir ons gee, kan praat. Ek hoop dat ons as jeug ook daardeur gestimuleer word om die Olielamp meer en meer te lees en te reageer op die artikels wat daarin verskyn.

Ten eerste wil ek sê dat dit nie my bedoeling was om in my artikel die probleem van Sondagsheiliging aan te spreek nie. Ek het dit egter as voorbeeld gebruik om die Christelike vryheid konkreet te maak. Dit gaan vir my in my artikel oor die *manier* hoe ons na ons verlossing in Christus kyk.
Laat ek 'n illustrasie gebruik: my algebra op skool was nooit baie goed nie, maar as ek reg onthou, werk 'n mens in algebra met 'n gegewe/bekende en met 'n onbekende wat ons dan dikwels x genoem het. En nou is dit van die allergrootste belang dat ons in ons geloofslewe nie ons verlossing as 'n onbekende sien nie; ons redding deur Jesus Christus is nie 'n x nie. Néé, deur die geloof is dit 'n gegewe, 'n bekende. Ek ***soek*** dus nie na my verlossing as 'n onbekende nie, maar ek ***glo*** dit as 'n gegewe. Deur die geloof wéét ek dat Christus my verlos het en dat ek vry is van die sonde en die dood (Romeine 8:2+3).

Dan mag ek ook in daardie vryheid gaan lewe vanuit God se Woord. Ek laat my dan gewilliglik inperk deur God se heining, nie deur die heining wat mense om my bou nie. Br. Luijk vra die vraag: Hoe sal dit lyk as jou seun/dogter op Sondagmiddae Bellville Swembad of Seepunt Swembad toe stap, 'n toegangsbewys koop en daar sy/haar tyd deurbring tussen (soms halfnaakte) mense? Hier moet ons onsself nederig onder God se Woord stel en erken dat sulke uitstappies teen God se wil is: in die eerste plek WIL ek in my vryheid nie op die Sabbat werk nie en *ook nie ander vír my laat werk* (Ex. 20:10) deur 'n toegangskaartjie te koop nie en in die tweede plek WIL ons in ons vryheid ons liggame as tempels van God heilig (1 Kor. 6:19-20) en wil ons onsself dus van sulke ontheiliging weerhou, ook van mense wat hulle liggame só ontbloot.

Wat dan daarvan as ek op 'n Sondag strand toe gaan om die skeppingskrag van die Here te bewonder of as ek op my fiets klim en 'n ent deur die natuur gaan ry? Die Here beklemtoon juis die skeppingsmotief in sy wet (Ex. 20:11) wanneer Hy op die sewende dag rus nadat hy die aarde, die see en alles daarin in ses dae gemaak het. Sal ons mekaar dan bind deur 'n verbod hierop te plaas, as die Here, die God van die skepping, dit nié doen nie? (Hierdie is slegs voorbeelde)
Sien julle hoe ons in ons vryheid vanuit God se Woord mag en kan lewe? Sien julle hoe ons verlossing (as 'n gegewe) ons vry maak om God se wil te doen? Nie in krampagtigheid nie, maar in vryheid.

Die doel van my artikel is nie om die tradisies te bevraagteken nie (alhoewel dit ons wel aan die dink kan sit daaroor), maar om onsself weer 'n slag af te vra *hoekom* ons dinge doen. Het ons hierdie tradisies om daardeur vir onsself sekerheid te kry oor wat x is (dus om ons eie verlossing uit te werk)? Of is ons verlossing vir ons 'n bekende, 'n gegewe, (deur die geloof) en mag en wil ons daarom as heilige nasie voor God leef (soos br. Luijk ook sê)?

My gebed is dat dit laasgenoemde mag wees!

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Na ‘n heerlike lang vakansie is ons almal weer bymekaar. Daar het so ‘n paar dinge verander vandat ons mekaar laas gesien het. Om mee te begin: die vereniging is nou op Vrydagaande (ja, jy het reg gelees!). Ons het ‘n paar (eufemisme) lede verloor, maar een bygekry om daarvoor op te maak: Kornelis. Baie welkom! Ons weet hy het ‘n trekpleister gehad en nie net gekom om in die wonderlike Kaap te bly nie. Mirjam het die ding gedoen. Sy het die deurslag gegee.

Ons bespreek gelykenisse op vereniging. Dit is weer lekker om direk stukke uit die Bybel te bespreek. Dit lewer interessante besprekings en vrae wat al lankal pla kan gevra word. Dit sal so ‘n tydjie vat om gewoond te raak aan die Vrydae aande, maar die JVB sê hulle is altyd oop vir opmerkings en dan ook voorstelle. Dit is ook nou ‘n proeftyd.

Vrydagaande skep natuurlik ‘n lekker geleentheid om na die tyd saam uit te gaan. Daar is dan ook die heel eerste Vrydagaand gaan Pool speel. Jaco en Hester was glo die sterre van die aand, alhoewel Ewart en Maarten hulle verslaan het. Ons ken ‘n troosprys aan hulle toe. Gerjan het ook JV bygewoon en saam gaan social. Hy is van mening dat die Kaapse jeug te “soet” is. Sy woorde: “jy kan babetjies na daai plek toe vat”.

Die volgende Vrydagaand is daar video's gekyk by Hester. Lieneke het besluit dis net die plek om haar verlore slaap in te haal. Die opwindende keuse van videos het haar koud gelaat.

Ons hoor dat ‘n oud Kapenaar wat deesdae in Gauteng woon, nou ook vasgetrek is daarbo. Ek praat natuurlik van Frank. ‘n Ene Bosker meisie het blykbaar sy hart gesteel. Omdat ons nou nie so bekend is met die Gautengse jeug nie, kon ons nog nie op die naam kom nie. So laat weet ons maar!

In Augustus is die verjaarsdae volop. Ons het al lekker koffie gedrink by Carina (vir haar verjaarsdag dan nê), waar Magda en Riana so honger was dat hulle amper al die chips alleen verorber het. En glo my daar was twee vol bakke gewees. Maar hulle gaan doen blykbaar baie oefening. Gaan so eenkeer ‘n maand gim toe, so hulle kan maar so baie eet, sê hulle.
Verder was ons ook by Ewart vir sy verjaarsdag. Weereens was daar volop koek en chips en koeldrank

en wyn en als, en Ewart het homself goed gekwyt van sy taak as gasheer.

Om nou terug te kom na die verjaarsdae in Augustus. Behalwe Carina en Ewart was daar ook nog Clara, Margreet, Sandra, Wietske, Theo en Mirjam wat in Augustus verjaar. Teen die tyd wat die blad uitkom, is dit ook al weer iets van die verlede, maar baie geluk aan almal en mag die dag lekker wees.

Op Vrydagaand, 11 Augustus 2000, was almal in die jeug Chinese. Nee, nie omdat ons te min slaap ingekry het nie! (Skrefies oë) Dit was die aand van ‘n heerlike

Chinese ete. Christine vd Linden en Carina het die tafels pragtig gedek en gesorg vir volop kos! Baie dankie aan hulle! Daar was selfs genoeg kos vir mense soos Johan Snyman, wat (soos julle almal weet) redelik stewig is, en nogals kos nodig het om versadig te raak. Hy het net sy bord volgepak en toe mense gekry om die maksimum volgelaaide bord kos vir hom te braai op die skottel. Ja, dit het sy voordele om een van die senior lede in die jeug te wees.

Dit is vir eers weer al van my kant af.
Tot ‘n volgende keer.
Die Sleutelgatloerder

BLOKKIESRAAISEL

Spr. 19:2 “Ywer sonder kennis deug nie; oorhaastigheid bring foute.”



Die oplossing sal in die volgende uitgawe verskyn

DWARS:
1 Dié weg is die verkeerde weg
2 Ek .. wat Ek ..
3 Spreuke praat baie van hulle
6 Hy en sy familie is daar gestenig
8 Johannes moes dit doen met ‘n riet (Openb.)
9 Rut se buurvroue het hom ‘n naam gegee
10 Hy het twee keer nie die stem herken
11 Hy kon Israel nie vervloek nie
16 Stad van spraakverwarring
19 Dissipel wat eerste ‘n geloofsbelydenis geformuleer het
20 In die plek van Isak
21 Vrou van Lameg
22 As ‘n Efraimiet dit nie kon sê nie, is hy gedood
24 Heilige of bose
26 Onderrig
29 Die mensdom word verdeel daarin
30 Jaïrus was die .. van sy dogter
32 Mag nie volgens die 8ste gebod
35 Waar die lekkerste wyn gehou is vir laaste
37 Min
39 Einde
42 Drywende dieretuin
43 Dit moet versigtig gebruik word
45 Johannes was die .. uit die woestyn
47 Sy het die verkeerde vrug geëet
48 Dit is wat die Fariseërs met Jesus wou doen
49 Watter familielid van Isak het 127 jaar oud geword?
51 Hy het weggekruip toe hulle ‘n koning wou kroon
53 Die rigting waarin Jesus gevaar het
54 Die son het bly staan vir ure/dae?
56 Stadjie deur Joshua verwoes
57 Lengtemaat
58 As eenheid

AF:
1 ‘n Stad wat hom nie wou bekeer nie (Matt. 11)
4 Moet versigtig wees met die aflê daarvan (mv)
5 Wat man was (gebrek) voor Jesus hom genees het en die Fariseërs gesê het Hy doen dit deur die owerste van die duiwels
7 God doen dit sodat ons nie verlore gaan
9 Lofgedig
10 ’n Ander omskrywing vir die ewige lewe
12 “.. dit aan die jong geslag!”
13 Tipe stede wat jou lewe kon red
14 Die berg waarop Joshua die wet voorgelees het
15 Vader van Noag
17 Opgestane
18 Lengtemaat
21 Paulus het daarop gepreek
23 Ontferm
25 Broer van Kaïn
27 Dié sonde word deur God gestraf (Hebr. 10)
28 Juk
31 Jesus het daarop Jerusalem ingery
33 Wat jy nie aan jou lewe kan toevoeg nie
34 Wat Christene van God dra

aan die voet van die Magaliesberg

VOETSPOOR

Daar het nie veel noemenswaardig die afgelope tyd gebeur nie. Of die voetspoor het 'n bietjie uitgemis. Dit lyk my die mense begin nou ook weer ernstig agter die boeke sit. Die matrieks het 'n rekord-eksamen wat voorlê en dit beteken minder "social" en meer "swot". Sterkte met die eksamen.

Verder was die studente-vereniging weer baie bedrywig. Na aanleiding van die sprekersaand oor omgewingsbewaring het daar 'n paar mense besluit om die spruitjie vanaf 18 de laan tot by die kerk skoon te maak. Dit is verbasend om te sien hoe vuil die spruitjie regtig is.

Ons het ook 'n hondjie uit die spruitjie uitgehaal en hom sommer daar op die plek Moses gedoop. Hy het die hele end saam met ons gestap en nou het Henriette besluit om hom aan te neem. Ek hoor dat hy 'n baie stout hondjie is, maar die huisgenote is blykbaar baie lief vir hom.

Verder het die studente-vereniging ook weer 'n sprekersaand gehad waar Dokter Michiel Durand met ons gepraat het oor "Wat is die mens". Hy het ons almal heelwat tot nadenke gegee met die stellings wat hy gemaak het. Na die tyd het ons lekker pannekoek gebak en speletjies gespeel.
Dit was regtig 'n suksesvolle aand.

En laaste maar nie die minste nie, Kornelis Miske het besluit om Kaap toe te gaan. Van wat ek gehoor het, is dit a.g.v. 'n werksverplasing, maar ek dink 'n paar verskuilde redes het ook daartoe aanleiding gegee. Kornelis, ons hoop jy voel gou tuis in die Kaap en dat jy jou tyd daar sal geniet.

Wel, dit is al van my kant af
Voetspoor groete.

STUDENTEVERENIGING – STERKFONTEIN GROTTE

Marjanie Roose

Ons het weereens 'n lekker dag gehad met ons groep studente (en ander mense).
Die keer was die onderwerp die *Sterkfontein grotte* gewees. Die plan was dat ons almal 10H00 by die grotte bymekaar sou kom en dan sou ons 'n toer deur die grotte doen. Na baie karprobleme (en verdwaal probleme) het ons uiteindelik 'n paar uur later die grot ingestap. Onder leiding van 'n toergids het ons in die grot ingegaan en ons het het vir so 45 minute onder in die grot rondgeloop. Ek is seker dat ons almal saamstem dat dit baie mooi en interessant was.

Natuurlik is so iets altyd baie ewolusionisties, maar ons weet almal dat die mense wat in die grot gevind is nie so oud is as wat hulle dink nie. Maar buiten dit het die gids dit baie interessant vir ons gemaak.

Hy het ons 'n bietjie van die geskiedenis vertel. In 1896 het die eerste mense begin belang stel in die grotte, 'n Italianer Guiglelma Martinaglia het vir goud in die grotte gesoek, daar is niks gevind nie en toe het hulle begin kalk delf. Tydens die 1920's het die delwers die eerste fossiele gevind en dit uit die grot begin haal. Die nuus het versprei en op 9 Augustus 1936 het Dr Robert Broom begin soek vir fossiele. Op 17 Augustus het hy die eerste skedel ontdek. In 1947 is die "aapmens" Mrs. Ples gevind. Dit word beskou as die oudste aap-mens (of is dit mens-aap?) fossiel ter wêreld. In 1956 het hulle die eerste steen gereedskap gevind. Hulle is nou nog besig om te soek na ander fossiele in die grotte.

Hy het ons ook vertel van stalaktiete en stalagmiete. Stalaktiete is die kristalformasies wat van die dak afhang en die stalagmiete is die kristalformasies wat van die grondbodem af opbou. Hy het ons ook pragtige stalaktiete en stalagmiete gewys.

Na die toer in die grotte het ons almal na Roodeplaatdam gery en daar lekker gebraai en gekuier, dit was 'n baie lekker en gesellige dag gewees.
Ons kon op daardie dag ook weer die seën van God se hand sien, ons het almal weer die pragtige natuurskoon gesien en ons kon weer besef dat so iets nie net onstaan nie, maar dat dit alles deur God se hand gelei word en dit alles van sy skepping is. God het ons ook geseën op die pad soontoe en terug en ons kon almal die aand weer veilig by die huis kom.
Ek wens die Studente vereniging bestuur alle sterkte toe vir die res van die jaar, mag die Here se seën ook met julle wees.

Nog iets

BOEKBESPREKING

Ascent and Dissent - Ken Vernon
The SA Everest Expedition, the inside story

In 1996 loods Suid-Afrika sy eerste offisiële ekspedisie om Mount Everest uit te klim, dit word befonds deur Suid-Afrika se grootste koerant en dra die goeie wense van President Mandela.

Die ekspedisie was egter van die begin af gedoem tot 'n mislukking a.g.v rusie, ontevredenheid en 'n gebrek aan eenheid. Dit alles het gelei tot konflik, aggressie en eindelik die dood. Bruce Herrod - die offisiële fotograaf - sterf op 25 Mei 1996 kort nadat hy die top van Mount Everest bereik het. Sy dood laat baie vrae ontstaan - Waarom was hy alleen? Waarom was hy nog so laat op die piek? Waar was die leier?

Die skrywer, Ken Vernon, was die aangestelde joernalis om verslag te doen oor die ekspedisie. Hy was self daar, het alles meegemaak en vertel eerste hands die verhaal. Hy vertel dit soos dit was sonder verskonings of versagtende omstandighede,

van die verraad, leuns, monopolie en outokratiese leierskap.

Die boek boei jou van die begin tot die einde, dit voel of jy saam met die stappers deur die sneeu sukkel, die slegte kos eet en lei aan berg-siekte (AMS). Die boek is nie geskryf vir kommersiële redes nie, maar om die waarheid te vertel - soos dit was - gee nie om wat die konsekwensies sal wees nie.

Foxe's Book of Martyrs - John Foxe
'n Klein boekie wat getuig van groot dade - Christene wat vasstaan in die geloof en daarom gemartel en gedood word.

John Foxe is gebore in Engeland in 1516. As kind het hy skool gegaan in Oxford en daarna by die Magdalen College vir sewe jaar. Tydens sy studies het hy uitgestaan as buiten gewoon intellegent en leergierig. Hy kon 'n rustige, suksesvolle lewe gelei het, maar het die Protestantse geloof gekies en moes as gevolg daarvan in 1545 hom onttrek van die Universiteit en elders gaan werk soek. Tydens die volgende vyf jaar werk hy vir die Reformasie en begin met sy beroemde geskiedenis van die martelare tydens die vroeë 1500's. Toe Koningin Mary, 'n Katoliek, die troon in 1553 bestyg moes hy en sy gesin uit Engeland wegvlug. In Europa het hy saam met John Knox (ook 'n groot reformant) begin werk. Foxe kon terug keer na Engeland toe Koningin Elizabeth die troon oorneem. In 1563 word die manuskrip uitgegee onder die naam '*The Acts and Monuments of These Latter and Perilous Days.*' Dit het egter gou bekend gestaan as *'The Book of Martyrs.'*



Reg deur sy verdere lewe het Foxe die inligting in die boek verfyn tot op die kleinste detail. En na sy sterwe in 1587 laat hy vir ons 'n boek - ryk in geskiedenis van die vroeë Christene se stryd in Jesus Christus - sodat dit ons kan inspireer en versterk in die geloof.

VERJAARSDAE!

Bethal

Leclue Nienaber	12 Sep

Johannesburg

Eunice Boessenkool	27 Sep
Talita Boessenkool	4 Okt
Celeste Boessenkool	11 Okt
Marie-Louise Kuyvenhoven	17 Okt
Henk Bijker	30 Okt

Kaapstad

Lieneke Eefting	3 Sep
Ernst-Jan van Vondel	4 Sep
Christine van der Linden	20 Sep
Chrisjan van Alten	23 Sep
Christine Scheltens	24 Sep
Jan Geerts	12 Okt
Annemarie Eefting	13 Okt

Maranata

Reinier Raimond	15 Sep
Mirjam de Vries	16 Sep
Arnold Eilers	7 Okt
Annemarie de Vente	12 Okt
Marinus Boon	15 Okt
Johan de Vente	16 Okt
Yolanda Sterk	17 Okt
Antoine Theron	20 Okt
Johannes Bosman	26 Okt
Joanne van der Klooster	28 Okt

Pretoria

Nonka Byker	4 Sep
Marius de Jager	8 Sep
Sjaak Hagg	12 Sep
Sonja van der Veen	19 Sep
Hein Smit	23 Sep
Francien van Houwelingen	29 Sep
Adriaan Aartsma	5 Okt
Rinus Kamphuis	5 Okt
Erik Bosker	9 Okt
Tineke de Vries	15 Okt